



# ecsponuus

## Strop trek al stywer

Druk neem toe op verbruikers met die toenemende verswakking van die rand wat saam met die stygende prys van krag en brandstof die inflasiekoers verhoog.

As die rand aanhou verswak, sal die Reserwebank verplig wees om rentekoerse vinniger te verhoog om stygende inflasie te beheer. Die Verbruikersprysindeks het volgens Statistiek Suid-Afrika van 4,7% in Junie tot 5% in Julie toegeneem.

Die rand en ook die geldeenhede van ander ontwikkelende lande gaan 'n verdere slag toegedien word indien die VSA op 17 September voortgaan om hul rentekoerse te verhoog. Om te voorkom dat geld uit Suid-Afrika vloei, sal die Reserwebank verplig wees om ons repokoers te verhoog wat op sy beurt die primakoers sal laat styg.

Die skerp daling in kommoditeitspryse plaas groot druk op Suid-Afrika wat aan arbeidsonrus en gereelde kragonderbrekings blootgestel is. Stakings en die voortslepende elektrisiteitskrisis sal volgens die Wêreldbank ook meebring dat vanjaar se verwagte groei van slegs 2% nog verder kan daal.

'n Vakbond het syfers vrygestel waarvolgens daar reeds 61 500 afleggings die afgelope maande was. Dit is blykbaar maar net die begin van baie groter arbeidsbesnoeiings wat veral in die mynbedryf, telekommunikasie en die staal- en ingenieursbedryf

verwag word.

Die JSE se Algemene Aandele-indeks het verlede maand vir die eerste keer in ses maande onder die 50 000 punte geval en het op 24 Augustus selfs onder 47 000 punte gedraai.

Die goeie nuus is dat ons ten spyte van die verswakkende rand binnekort 'n stewige verlaging in die petrolprys te wagte kan wees. Tog kan ons nie te opgewonde raak as gekyk word hoe verlaging in die verlede nie lank volgehou is nie – en met nog stewiger verhogings gevolg is.

Dit is duidelik dat die ekonomie hom reeds in diep onstuimige waters bevind en dat verbruikers hul sente sal moet omdraai en oordeelkundig sal moet belê.

In hierdie senutergende ekonomiese tye bied Ecsponent se inkomste- en kapitaalgroeiprodukte stabiliteit aan beleggers met 'n vaste opbrengskoers wat nie aan sentiment, wisselkoers of kommoditeitspryse gekoppel word nie.



Floris Slabbert - Nasionale Verkoopsbestuurder

## Hoe veilig is jou geld?

Die aandelemark het begin wankel, wat beteken dat beleggers opnuut moet kyk waar hulle geld belê is en bes moontlik 'n nuwe beleggingsplan optrek.

Die vraag is of hulle met die dreigende beermark heeltemal uit aandele moet klim? Moet hulle dan die geld in kontantbeleggings hou en indien wel, wanneer kan hulle weer die markte betree?

Die onsekerheid is senutergend vir beleggers wat enige van die beermarkte beleef het in 1988, 1998 en 2008 – toe

die JSE se Algemene Aandele-indeks onderskeidelik met 45%, 43% en 46% gedaal het!

Sedert April vanjaar het dié indeks reeds met 7% gedaal en die afgelope jaar in dollar terme sowat 18% verloor. Die Indeks vir Hulpbronaandele het sedert begin vanjaar ook met 'n dramatiese 43% gedaal.

Die ideale beleggingsplan moet beskerming teen beermarkte bied. Dit sal oor 'n vaste termyn strek met 'n risikostrategie, verwagte opbrengs en langtermynspaar doelwitte. Dit is presies

wat die voorkeuraandele van Ecsponent bied met 'n vaste koers wat nie deur die wisselende aandelebeurs geraak word nie.

Voorkeuraandele behoort 'n belangrike deel van 'n beleggingsportefeulje uit te maak. Die groot versekeraars/beleggingshuise het die afgelope sewe jaar egter so gerus geraak in die bulmark, dat hulle nie voldoende voorsorg getref het vir 'n moontlike beermark nie.

Pleks daarvan word teruggeval op die ou deuntjie van "moenie die markte probeer voorspel nie, dit is hoe lank jy belê wat bepalend is." Hiervolgens moet kliënte die afswaai deursit, want die opswaai sal daarvoor vergoed. Dié advies baat natuurlik die instellings en fondsbestuurders, want geld word nie uit hulle portefeuljes onttrek nie. Dit is egter nie altyd in belang van die kliënt nie.

Moet 'n belegger dus met 'n moontlike 40% afname in hul portefeuljes tevrede wees? Wanneer gaan die belegger weer gelyk breek en 'n positiewe opbrengs begin toon? 'n Markinsinking van 40% sal lank neem om te herstel. Dit kan nag wees vir afgetredenes met 'n korter beleggingshorison. Baie sal dit nie kan bekostig nie!

Die slagveld is reeds betree met bekende fondsbestuurders wie se aandeleportefeuljes die afgelope jaar slegs 'n opbrengs van 3,2% en die gebalanseerde fonds slegs 'n opbrengs van 5,3% getoon het – en dit was voor koste!

Baie beleggers het reeds uit die aandelemark na veiliger kontantbeleggings of na Ecsponent se voorkeuraandele geskuif. Kontantbeleggings bied egter net 'n oplossing op die korttermyn. Dis 'n tussentydse maatreeël wat nie oor die langtermyn 'n lonende strategie is nie. Wanneer gaan die belegger ook weet om na aandele terug te keer?


Ecsponent se Klas B beleggingsopsie bied 'n saamgestelde koers van 11,2% per jaar vir vyf jaar, ongeag wat op die aandelebeurs of met rentekoerse gebeur – dus 'n ingeboude prestasiebeskerming en sekerheid van groei. Dit is gekoppel aan 'n vaste genoteerde voorkeuraandeel met 'n bepaalde aflossingskoers.

Hierdie produkte is uniek met eienskappe van effektrusts, sowel as uitkeerpolisie. Dit bied likiditeit (gewillige koper en verkoper) soos effektrusts en 'n nabelaste inkomste soos uitkeerpolisie.

Maatskappye soos Ecsponent groei, omdat nuwe markte ontgin word en die regte produk op die regte tyd in die mark aangebied word. Dit is innovasie en entrepreneurskap wat die deurslag gee.

Dit is welbekend dat Suid-Afrika se beleggingsprodukte die duurste ter wêreld is. 'n Afrikaanse Sondagkoerant het dit verlede maand net weer eens bevestig met 'n berig oor kostes op beleggingsprodukte. Hulle verwys na 'n konferensie oor aftreefondse waar aangetoon is hoe 'n ekstra persentasiepunt se beleggingskoste die waarde van die belegging oor 'n periode van 40 jaar aansienlik verminder!

Om die uitwerking van kostes te illustreer, is 'n voorbeeld geneem van 'n belegging van R100 000 wat elke jaar 'n opbrengs van 10% oor 'n tydperk van 40 jaar verdien. Voor koste sal die opbrengs R4,4 miljoen wees. As koste van 1% per jaar verhaal word, sal die opbrengs net R3 miljoen wees; koste van 2% per jaar verlaag die opbrengs na R2 miljoen en koste van 3% verlaag die opbrengs na R1,4 miljoen. Min mense glo dat koste van 3% hierdie belegging se opbrengs met R3 miljoen kan verminder! Net soos die wonder van saamgestelde groei (groei op groei) kry mens egter ook saamgestelde koste (koste op koste) wat die belegging se waarde aansienlik laat daal.



In Suid-Afrika is die dae van vooraf- en aaneenlopende kommissies op beleggings getel. Wanneer die Retail Distribution Review met sy nuwe regulasies in werking tree, sal dit verbied word. Dan sal adviseurs slegs vir

hul tyd betaal word.

Tans word maksimum kommissies dikwels van kliënte verhaal en word aanvangskoste van selfs 4% en jaarkoste van 1,5% afgetrek. Dan is daar nog fondsbestuurderskoste van 0,5% tot 3% en bonusse as opbrengste sekere maatstawwe klop.

By Ecsponent word die inkomste koers ná belasting en kostes gekwoteer. Die beleggers weet dus presies wat hul inkomste sal wees.

Dit is dikwels 'n stryd van "Dawid teen Goliath" en die beginsel van "klein begin is groot gewin" wat deurslag vir kleiner maatskappye gee. In moeilike tye soek mens na geleenthede. Ecsponent bied 'n antwoord aan die behoefte in die mark en glo dat voorkeuraandele die aangewese beleggingsinstrument in onseker markte is. 